

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

3 Oktober 2009

Die grootste taak wat nou gedurende hierdie tyd van die jaar gedoen moet word is om die plante se bloeipunte of vrugte uit te dun. Wat ek daarmee bedoel is om die plante se las te verminder. 'n Plant het oor die algemeen net die vermoe om net soveel goeie vrugte of blomme te kan dra en jou kan jy die knoppe of vrugte uitdun deur net eenvoudig die knoppe of vrugte af te breek of aft e knyp. As jy dit doen verseker jy beter gehalte blomme en vrugte.

Plante wat nou vol in blom is en wat 'n mens nou die regte kleure van moet gaan uitsoek is Vygies en Irisse. Selfs die water irisse, ook bekend as Louisiana Irises is nou vol in blom en dis ook die regte tyd om hulle uit te soek.

Bougainvilleas lyk ook nou op hulle mooiste vol in blom. B,aie mense vra my wat is die geheim met Bougainvilleas, maar eintlik is dit eenvoudig. Bougainvilleas hou van 'n lekker sonnige area met baie goed gedreineerde grond en min water.

Die geurige plante wat nou in blom is is die verwelk blomme ook bekend as Yesterday Today's en Tomorrows. Die Chinese jasmyn het nou so te sê klaar geblom, maar die ster jasmyn staan vol in knop en gaan enige oomblik begin bloei en is amper net so geurig.

Die laaste ding waaroor ek wil gesels is 'n nuwe kleiner vensterbak kombinasie wat beskikbaar is vir mense wat graag groente in 'n vensterbak wil plant. Nie almal het altyd die spasie om groente buite te plant nie, en dan wil hulle die vensterbanke tot die maksimum benut. Sebor het dit maklik gemaak dat jy nou so 'n eenheid kan koop met die bak, die potgrond en die regte tipe groente saad vir 'n vensterbank groente bak.

10 Oktober 2009

Die vraag wat in die laaste paar weke baie opkom is is dit veilig en raadsam om Grys Water in die tuin te gebruik.

Nou vra baie mense wat is grys water. Dit is basies die afvalwater wat in die rioolpype afspoel behalwe natuurlik dan die toilet water. Dit sluit Wasbakke, Skottelgoed masjien afval water, Baddens, storte en Wasmasjiene. Al die bogenoemde kan gebruik word behalwe die kombuis wasbak omdsat daar gewoonlik ook baie vette betrokke is wat nie maklik afbreek nie.

Hoeveel gryswater kan op 'n tuin gebruik word? Dit hang alles af van wat jou tuin se behoefte is. Moet nooit grys water opvang en dit stoor nie. As jy reenwater sou opvang en stoor, is dit nie 'n probleem nie, maar gryswater moet

onmiddelik gebruik word. Om dit maklik te maak +/- 10lt grys water per m² kan nie 'n problem wees nie en sal nie die tuin skade aan doen nie.

Nou kom die volgende vraag op – Wat van al die seep in die water? Is dit dan nie skadelik vir die plante nie. Die grootste problem in sepe is natriumsoute wat die grond alkalies kan maak en nadelig is vir plante. As jy die water oor die hele tuin kan versprei en nie elke week op dieselfde kol gegooi word nie, sal dit glad nie saakmak nie. Daar moet ook gereeld met gewone water afgewissel word om die balans te herstel.

Gryswater en groentetuine? Gewoonlik is dit raadsaam om gryswater op groente te gooi wat bo die grond vrugte dra en nie ondergronds nie, en ook nie op plante met groot blare soos spinasie nie. Moenie die water oorhoofs op die plante se blare gooi nie, maar slegs op die wortels van die plante.

Saailinge met swakker wortelstelsels moet ook vermy word.

Die laaste ding is, maak seker met jou plaaslike regering of jy die gryswater mag gebruik. In kleiner gemeenskappe is die gryswater baie belangrik om die riool sisteem te spoel en sal die gebruik darvan dit nie reg laat funksioneer nie. In groter dorpe of stede dink ek nie dit sal 'n baie groot verskil maak nie.
Nuwe produkte op die mark is 'n Variegated Agapanthus met geel blare en ook 'n nuwe gemengde inheemse grassaad wat al jou inheemse veldgrasse insluit en ook ekstra kos vir voels inbring.

17 Oktober 2009

Oktober is een van die mooiste maande in die jaar met al die rose nou vol in blom. Onthou as jy 'n roostuin beplan of daraan dink om nog rose by te koop, is dit nou die tyd om die regte kleur te gaan uitkies. Dis altyd moeilik om te kies as die plante nie in blom is nie, maar nou dat jy die kleure kan sien en kan ruik hoe geurig dit in werklikheid is, is dit jou beste kans. As jy ook no8u die rose in jou tuin in blom wil hou, moet jy 'n 3:1:5 kunsmis neergooi om die plante en ook gereeld die ou blomme aft e pluk. Blaie manse mak die fout om net die blomblare aft e breek, maar jy moet eintlik die hele blomknop by die blomsteel afsny. Die ander manier om ook te verseker dat die plante vol in blom bly is om die blomme te pluk vir sny blomme.

Daar is ook met al die nuwe groei op die roosstokke geweldig baie suiers wat uit die rose se onderstokke uikom wat nou afgebreek moet word. Hoe 'n mens dit herken is an die ontsettende vinnige groei, die ligter groen blare en ook die vorm van die blare. As jy dit nie nou afbreek nie, gaan dit die hele bos oorweldig en die plant oorneem.

Spuit maar voorkomend die rose met swamdoders en luisdoders.

As jy nog nie jou sleutelblomme of primulas soos dit ook bekend staan vervang het nie, moet jy dit nou doen. Die sleutelblomme is nou klaar geblom en kan vervang word met Begonias, Josefskleed of New Guinea Impatiens.

As jy nou jou beddings skoonmaak en ook jou lente bolle uithaal, kan jy maar die Anemone, Tulpe, Ranonkels en Hollandse irisse weggooi omdat dit nie weer sommer in die tweede jaar sal blom nie. As jy Affodille of Narsings uithaal is dit raadsaam om dit in 'n bak vol riviersand in 'n koel donker area te bêre tot die volgende seisoen. Onthou net om dit eers met 'n insekdoder soos Bexadust te behandel om insekte weg te hou en dit moet ook so ongeveer een keer elke tien dae nat gegooi word om die voggehalte in die bol reg te hou.

Ek kry ook geweldig baie mense wat my skakel oor rooi spinnekop in die tuin. Tekens van rooi spinnekop is as die blare dowwe geel vlekke op kry en later die hele blare geel word. As jy dan die blare van die plante omdraai, is daar 'n fyn web agter op die blare en is daar ook fyn spikkels soos stof agter op die blare. Daar is altyd rooi spinnekop in die tuin maar in droee warm toestande vermenigvuldig die insekte geweldig vinnig. Ja jy kan 'n rooi spinnekop insekdoder kry om die probleem onder beheer te kry, maar voor jy dit doen, gee die plante eers 'n goeie was. Sodra jy die plante net 'n paar keer goed natspuit sal jy sommer sien die spinnekoppe se getalle verminder.

Die laaste ding waroor ek hiedie week wil gesels is krismisrose. Dis nou die tyd om die krismisrose se groeipunte uit te breek om te verseker dat hulle gaan bos. Breek net die laaste twee blare van elke groeipunt af en gee dit 'n goeie deklaag van suurkompos. As jy pers of ligblou krismisrose het en jy wil dit in 'n donkerblou kleur verander, kry Aluminium sulfaat en gooi dit om die plante se wortelstelsels. Dit sal verseker dat die plante donker blou blom.

tuis&home
EFEKTO For Life